Geigeria ornativa *Vermeer- of vomeerbos*

In goeie reënjare groei hierdie kruid orals tussen die grasse. Dit kom in suidelike Afrika voor. In die somer blom dit pragtig geel, in die winter is dit verdroog. Dit verpes die grasweiding vir vee, want die vee neem dit saam met die gras op, veral in lente wanneer dit groenigheid soek. Die vermeerbos is van die eerste plante↑ om in die lente groen te vertoon.

Die tabel hier bo gee ‘n aanduiding van die mate van verpesting van die padskouer, waar nie gras gesny is (middel) en waar gras gesny is (regs). Die dotjies wys op die aantal vermeerbosplante.

Die gesnyde en saam met die gras gebaalde vermeerbosplante gee later probleme, as die gras gemaal en gevoer word. Die diere is nie in staat om die giftige houtagtige plantdele uit te sorteer nie en word siek in die voerkraal.

Daar is verskeie *Geigeria* spesies, almal is ongesond/giftig vir vee.

Vir meer inligting kyk na Plantstorie No 20 Geigeria https://www.kyffhauser.co.za/Plantstories.htm

Teks en fotos: Anka Eichhoff Augustus 2021